LAERSKOOL PARK

Tel.: 044-691 1020\1
E-Pos parklaerskool@gmail.com
Webblad www.parklaerskool.co.za
Prinsipaal D.F. Du Toit

Kaapweg 49
Posbus 96
MOSSELBAAI

23 April 2021

Geagte Ouers/Voogde

Die eerste kwartaal van 2021 is agter die rug. Graag bedank ons elke ouer en leerder met die wyse waarop u hierdie kwartaal weer eens in uitdagende omstandighede hanteer het. Ons leeders het werklik hul kant gebring om so normaal as moontlik te funksioneer.

1. TERUGBRING VAN GRADE 1, 4 EN 7

Soos gekonsulteer met ouers het die Departement van Onderwys toestemming verleen om al die leerders in grade 1, 4 en 7 terug te bring. ‘ n Veiligheidsbeampte sal die skool vroeg volgende kwartaal besoek om te moniteer of die skool aan al die veiligheidstandaarde voldoen. Ongelukkig kan die ander grade nog nie almal terugkeer nie weens die verpligte veiligheidsafstande. Graad 4 en 7 gaan ons op proefbasis hanteer, maar ons is vol vetroue dat dit ‘n groot sukses gaan wees.

2. OUERAANDE

Ons oueraande vind volgende kwartaal op die volgende aande plaas:

- Woensdag, 5 Mei vir Groep 1 (vanne A tot L) om 17:30 tot 19:00
- Donderdag, 6 Mei vir Groep 2 (vanne M tot Z) om 17:30 tot 19:00

Tydens hierdie geleentheid kry een ouer per gesin die geleentheid om die vordering van u kind met die klasonderwyser te bespreek.

Alle veiligheidsprotokolle sal gevolg word en daarom sal skandering alreeds om 17:00 begin voordat u die klasonderwyser in die klas ontmoet. Maskers is verpligtend en sosiale afstand moet ten alle tye gehandhaaf word. Slegs drie hekke sal oopgestel word vir skandering.

Die rugbyveld word ook as parkeerarea oopgestel. Toegang tot die skoolgronde kan by die volgende drie hekke verkry word:

- aflaaisone
- hoofingang
- rugbyveld indien u op die rugbyveld kom parkeer

3. NUUTSTE REGULASIES - SPORTOEFENINGE

Ons skop volgende kwartaal volstoom af met ons buitemuurse aktiwiteite soos uitgereik saam met die leerderverslae. Die aktiwiteite en sportwedstryde gaan sonder toeskouers, onderhewig aan verpligte veiligheidsprotokol plaasvind. Ek dink ons leeders smag vir deelname, sosialisering en spangees.

Streng maatreëls gaan gehandhaaf word:

- Daar sal slegs een toegangshek wees by sportvelde. Na afloop van die oefeninge sal die hekkie by die netbalbane ook oopgesluit word om opeenhoping van leerders tydens verdaging te verhoed.
- Alle deelnemers moet veiligheids- en temperatuurskandering ondergaan. Leerders met ‘n temperatuur van 38˚C en hoër sal nie toegelaat word om die terrein te betree nie.
- Handsanitering sal voor en na afloop van oefeninge en wedstryde plaasvind.

- ‘n Persoon wat die terrein verlaat en terugkeer sal weer die veiligheidsprosdures moet deurgaan.
- ‘n Register sal gehou word van alle deelnemers.

4. WOEKERBOEKIES

Baie dankie aan elke ouer en leerder wat hard gewoeker het met die lootjies ter aanvulling van ons skoolfonds. Ons stoutste verwagtinge is oortref in moeilike ekonomiese omstandighede. Die reuse bedrag van R 207 027 is ingesamel. Baie dankie aan Michelle Celliers, OOV voorsitter, en haar span wat die projek van stapel gestuur het.

Graag bedank ons ook ons borge:

- Mnr Andries van Schalkwyk van Buffelsdrif vir die eerste prys ter waarde van R 20 040;
- Mnr Charl du Plessis en mnr Aubrie Rootman van Voorbaai Gas vir die tweede prys van R 10 000;
- Mnr Ian Celliers van Micfin Groepskema vir die Seniorfase prys;
- Mnr Johan Fourie van Debonairs vir die skenking van die pizzas vir die twee wenklasse;
- Mosselbaai Paneelkloppers, Du Plessis Oudioloë en Tents for Africa vir kontant skenkings.

Die volgende persone is ons gelukkige pryswenners:

- Eerste prys – Danie Serfontein (Buffelsdrift avontuur)
- Tweede prys – Antoinette Coetzee (Mega Master Gasbraaier)
- Derde prys - Ryan van Zyl (Milex Air Fryer)

5. KLASASSISTENTE

Ons was die afgelope tyd bederf met die assistente wat deur die regering se werkskeppingsinisiatief by ons skole geplaas was. Hul was van groot hulp met die skanderingsproses, bystand in die klaskamer en sportafrigting. Ons bedank elke assistent vir hul hulp en ondersteuning aan die personeel en leerders. Ons het groot waardering vir die wyse waarop hul ingeskakel het by ons skoolomgewing. Ons beste wense vergesel hulle op hul toekomsreis.

Sterkte vir al die uitdagings wat daar op verskillende huishoudings wag. As ons almal saamwerk, maak ons dit makliker en veiliger vir almal.

Vriendelike groete

SKOOLHOOF
DF du Toit